***TUIMELTREIN* – René van Zyl**

**Beantwoord die volgende vrae oor die roman, *Tuimeltrein*.**

## VRAAG 1

**Hoofstuk 1 – Abby**

"Oukei, kom in. Ons het nie verniet die laaste twee LO-klasse gebunk vir ons taak nie. Ons moet begin." Sy wil nie vriende raak met die twee nie. Hulle is albei sosiale misfits: onvoorspelbaar en besliste moeilikheid. Niemand moet hulle saam sien nie.

* * *

"So. Het een van julle twee enige moerse aardskuddende idees vir ons Halloween-stalletjie?" vra Henri en gooi die lappie in die vullisblik.

[bl. 3 en 5]

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Wat is die doel van die Halloweenstalletjie? | (1) |
| 1.2 | Noem twee idees vir die stalletjies. | (2) |
| 1.3 | Hoekom was die drie kinders saam in ŉ groep gesit deur die onderwyser? | (1) |
| 1.4 | Wat sê meneer Vos vir die buurman? | (1) |
| 1.5 | Wat sou jy vir die Halloweenstalletjie gedoen het? | (1) |

**Hoofstuk 2 – Jasper**

Harde houe teen die voordeur stuur die skrik letterlik soos 'n rukwind deur haar lyf.
Die foon val uit hard hand.
"Sê nou hulle breek die slot?" asem sy.

"Hulle mag nie sonder 'n lasbrief in die huis kom nie."
Dit weet hy darem.
Nogtans gryp hy Abby aan die hand en trek haar na die aangrensende motorhuis. Hy sluit die binnedeur tussen die motorhuis en die kombuis agter hulle.

[bl. 30-31]

| | | |
|---|---|---|
| 1.6 | Hoe is Jasper se verhouding met sy ouers? | (1) |
| 1.7 | Noem twee maniere hoe die tieners hul identiteit verberg. | (1) |
| 1.8 | Hoekom dink die drie kinders dat die polisie hulle nie sal glo nie? | (1) |

Kopiereg voorbehou © Curro 2026

LIVEWORKSHEETS

1.9 Hoe gebruik Jasper sy speletjie-kennis? (1)

1.10 Verduidelik wat die motorfiets en die grot simboliseer. (2)

1.11 Hoe ontwikkel Jasper en Abby se verhouding? (1)

1.12 Watter raad sou jy vir Abby gee oor haar pa? (1)

1.13 Wat was die roomysman, wat doodgeskiet is, se naam? (1)
**[15]**

**VRAAG 2**

| **Karakterverskille:**<br>Die drie tieners word in 'n groep saam geplaas deur juffrou Makou, maar hulle is glad nie vriende nie. Abby sê hulle verskil soos verskillende planete en kleure. Hulle persoonlikhede en huisomstandighede verskil ook. |
|---|

2.1 Skryf 'n **paragraaf van tussen 80-120 woorde** waarin jy verduidelik hoe die drie hoofkarakters se **planete en kleure** hul verskille en verhoudings simboliseer.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Verduidelik met watter planeet word Abby geassosieer. (1)
- Verduidelik met watter planeet word Henri geassosieer. (1)
- Verduidelik met watter planeet word Jasper geassosieer. (1)
- Verduidelik wat elke kleur beteken. (3)
- Bespreek hoe die drie kinders se huisomstandighede verskil. (3)
- Hoekom dink jy het die skrywer sulke diverse kinders bymekaar gesit? (1)
- Watter karakter kan jy die meeste mee identifiseer? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
- Verduidelik hoe elke karakter deur ander mense gesien word. (3)

**[15]**



Kopiereg voorbehou © Curro 2026

LIVEWORKSHEETS

**VRAAG 3**

> **Hoofstuk 3 – Henri**
>
> Hy haal diep asem en tel die teue, asem die reuk van die plante om hom in, luister na die voëls en die wind wat saggies om die kranse loei. Ruik hy 'n braaivleisvuur? Hongerte doen vreemde dinge aan 'n mens. Hy gaan oukei wees. Hy moet net. Tel die bome. Was die bome altyd so yl hier teen die berghang?
>
> Of het die houtverkopers die plek so kaal gestroop?

[bl.11]

Voltooi die volgende **dialoog** tussen **Herni, Abby** en sy **Jasper**. Skryf slegs die **vraagnommer en die persoon se woorde in jou Antwoordboek** neer. Laat 'n reël oop ná elke antwoord.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Jasper: | Henri, hoekom voel jy so ongemaklik saam met ons? | (1) |
| | Henri: | ... | |
| 3.2 | Abby: | Jou reaksie op stres verskil van ons, hoe so? | (1) |
| | Henri: | ... | |
| 3.3 | Jasper: | Vertel my bietjie van die verhouding wat jy met jou pa en broers het. | (1) |
| | Henri: | ... | |
| 3.4 | Henri: | Hoekom is jy bang jou ma sal jou nie glo nie? | (1) |
| | Abby: | ... | |
| 3.5 | Abby: | Genoeg van ons, het jy geweet wat jou reputasie by die skool is? | (2) |
| | Jasper: | ... | |
| 3.6 | Jasper: | Abby, hoekom is jy altyd so kwaad vir almal? | (1) |
| | Abby: | ... | |
| 3.7 | Henri: | Daar is 'n ander man in die grot. Weet een van jul wat sy naam is? | (1) |
| | Abby: | ... | |
| 3.8 | Jasper: | Ek het ook met hom gesels en hy het vir ons hulp aangebied. | |
| | Abby: | Watter hulp het hy aangebied? | (2) |
| | Jasper: | ... | |

Kopiereg voorbehou © Curro 2026



LIVEWORKSHEETS

3.9 Abby: Henri, wat gaan jy aantrek om jouself mee te vermom? (2)

Henri: ...

3.10 Henri: Hy het nie net hulp wat hy verleen nie, hy het ‘n briljante filosofie oor die lewe.

Abby: Wat is sy filosofie?

Henri: ... (1)

3.11 Jasper: Ons kan nie vir altyd in hierdie grot bly nie. Waarheen kan ons gaan? (1)

Abby: ...

3.12 Henri: Dit is ‘n goeie idee, Abby. Hoe gaan ons daar inkom? (1)

Abby: ...

**[15]**

**VRAAG 4 Temas en Simbole**

**Opdrag:**

Skryf nou 'n opstel van tussen **250 en 400 woorde** oor hoe Temas en Simbole deel van Henri, Abby en Jasper se storie is.

- Jou opstel moet 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verlang word.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

---

**Inleiding**

---

**Paragraaf A**

| | |
|---|---|
| • Geweld / trauma | (1) |
| • Vriendskap | (1) |
| • Identiteit | (1) |
| • ‘n Gesinsverhouding | (1) |
| • Stereotipering | (1) |


LIVEWORKSHEETS

| | |
|---|---|
| • Kreatiwiteit en uitdrukking | (2) |
| • Keuses | (1) |

**Paragraaf B**

| | |
|---|---|
| • Die term 'Tuimeltrein' | (1) |
| • Venus, Aarde, Mars | (3) |
| • Wet wipes | (1) |
| • Roomwyswaentjies | (1) |
| • Rekenaarspeletjies | (1) |
| • Boomhuis | (1) |
| • Sosiale Media / Selfone | (1) |

**Paragraaf C**

| | |
|---|---|
| • Karakters se kleure | (3) |

**Slot**

Taal en struktuur (5)
**[25]**

**70 punte**

Kopiereg voorbehou © Curro 2026

LIVEWORKSHEETS

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.

2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy beantwoord word. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

3. Skryf die **getal woorde** aan die einde van **elke vraag** neer.

4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal daar na die volgende gekyk word:

   - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk;
   - interpretasie van die opdrag;
   - inhoud en idees;
   - register en toon;
   - taalgebruik.

5. **Beplanning**

   Dis 'n goeie idee om jou skryfstukke te beplan voordat jy dit begin skryf.
   Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

   5.1 Skryf die opskrif, BEPLANNING, boaan.

   5.2 Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

**VOORBEELD:**

| **BEPLANNING** | **VRAAG** |
|---|---|
|  |  |
| (linkerkantse bladsy) | (regterkantse bladsy) |

Kopiereg voorbehou © Curro 2026

LIVEWORKSHEETS

## VRAAG 5 E-POSBOODSKAP

**Situasie:**
Jy is in die moeilikheid! Jy het nie jou taak ingehandig nie. Jy beplan om 'n **E-POS** aan jou onderwyser te stuur. Jy wil graag 'n tweede kans hê. Skryf 'n **E-POS** aan 'n onderwyser waarin jy verduidelik waarom jy die taak laat ingedien het en versoek vir 'n tweede kans.

**Opdrag:**
Skryf 'n **E-POS** van **150-220 woorde** waarin jy op die volgende fokus:

- verduidelik waarom jou taak laat is;
- erken jou fout en vra om verskoning;
- vra jou onderwyser vir 'n tweede kans;
- maak 'n voorstel van wanneer dit ingehandig sal word;
- verduidelik hoe jy hierdie situasie in die toekoms sal voorkom.

**Instruksies:**
- Die inhoud van jou e-pos moet tussen **150-220 woorde** lank wees.
- Skryf die **totale aantal woorde** aan die einde van jou e-pos neer.
- Onthou: Jy praat met jou onderwyser; dus moet jy **respekvol** en meer **formeel** wees.
- Jy moet die onderstaande formaat vir jou e-posboodskap gebruik:

| |
|---|
| Aan:___________________________<br>Onderwerp:__________________________ |
| Liewe Juffrou<br><br>Groete<br>(Jou naam) |

**[20]**


LIVEWORKSHEETS

**VRAAG 6 TOESPRAAK**

**Situasie:**
Jy is in beheer van leerderondersteuning. Jy wil graag in ŉ saalopening leerders aanmoedig om aan sport of kultuur deel te neem.

**Opdrag:**
Skryf ŉ **TOESPRAAK** van **60-100 woorde** waar jy die volgende insluit:

- die redes waarom deelname aan sport of kultuur belangrik is (bv. vaardighede, selfvertroue, gesondheid);
- voorbeelde van geleenthede wat by die skool beskikbaar is;
- ŉ motiverende oproep tot aksie (aanmoediging om betrokke te raak);
- ŉ kort persoonlike of algemene inspirerende voorbeeld.

**Instruksies:**

- Die inhoud van jou toespraak moet tussen **60-100 woorde** lank wees.
- Dui die **aantal woorde** wat jy gebruik het aan die einde van jou finale poging aan.
- Onthou ŉ **aanhef** en **afsluiting** vir jou toespraak.

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

Kopiereg voorbehou © Curro 2026

LIVEWORKSHEETS